

Bepalings en voorwaardes van dienslewering

1. Die diens beoog om dringende raad te gee aan lidmate van GKL en/of hul besighede wat getref is deur die ekonomiese gevolge van die Nasionale Inperking.
2. Die advies sal primêr gaan oor alternatiewe tot die vraesteller se beskikking soos skuldberading, skuldkonsolidasie, sakeredding, deregistrasie, likwidasie, finansiële hulppakkette van die staat en privaatsektor wat beskikbaar is en die vereiste prosedures en stappe in hierdie verband. Suiwer regsvrae sal na GKL se Regskliniek verwys word.
3. Die diens sal net vir 'n beperkte tyd beskikbaar wees. Op 31 Oktober 2020 sal die voortsetting van die diens her-evalueer word.
4. Die persoon wat aansoek doen om advies, doen dit op hierdie bepalinge en voorwaardes.
5. Die aansoeker moet sy probleem, behoefte of vrae kortliks op een bladsy uiteensit en aan die koördineerder stuur by mareobekker@gmail.com.
6. Die koördineerder sal dit evalueer en bepaal of 'n lid van die paneel sal kan help.
7. Indien wel, sal die koördineerder die navraag aan 'n lid van die paneel stuur vir beantwoording – óf terug aan die koördineerder óf direk aan die vraesteller.
8. Solank die inperkingsmaatreëls dit verbied, sal daar nie fisiese konsultasies kan wees nie.
9. Indien die paneellid bereid is om dit te doen, kan hy/sy direk met die vraesteller skakel en kommunikeer (en vir goeie orde oor die uitslag verslag doen aan die koördineerder).
10. Paneellede is geregtig om onderling met mekaar te skakel oor 'n vraesteller se vrae, veral indien 'n vraesteller meerdere probleme het wat oor verskeie areas strek.
11. Die diens eindig nadat die paneellid/lede die vraesteller se vrae geantwoord het.
12. Die diens word gratis gelewer.
13. Die "Financial Advisory and Intermediary Services Act, no 37 van 2002" sal nie op die advies wat gelewer word, van toepassing wees nie. Geen finansiële produkte word verkoop nie en geen raad gaan gegee word tov enige bestaande finansiële produkte nie.
14. GKL aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige advies wat gegee word nie.
15. Indien die paneellid bereid is om die vraesteller verder te help, val daardie hulp buite die bestek van hierdie diens en sal dit gelewer word binne die mandaat waarop dan tussen die partye ooreengekom mag word.